VEILINGS ONDER REËLS VAN DIE GENOOTSKAP

[Van toepassing op veilings wat plaasvind vanaf 01 Januarie 2018]

Per e-pos aan verkoper, afslaer en adviseur op .....

VEILING van op

1. DATUM RIGLYNE:

1.1 Inskrywings op kantoor **(TESAME MET VERKOPERS SERTIFISERING EN VRYWARING)** en ook **FINALE** sluitingsdatum (geen wysigings na die datum): **6 WEKE VOOR**
Enige wysigings hierna sal @ R250.00 per wysiging gedoen word.

1.2 **Veilingspamflet** vir goedkeuring – sien 7.1: **6 WEKE VOOR**
Indien veilingspamflet nie tesame met inskywings ontvang word nie, sal pamflet nie op die web geplaas kan word nie, omdat die inligting op die pamflet en katalogus mag verskil.

Geen Veilingspamflet sal goedgekeur word sonder die veilingsinskrywings.

1.3 Skriftelike bevestiging van kennisname en ontvangs van veilingsreëls: **6 WEKE VOOR**

1.4 Veilingslokaal (bv Plaas Goedehoop distrik Bethulie):

1.5 Finale meester katalogus van kantoor aan afslaer vir duplisering: **2 WEKE VOOR**

1.6 Katalogus/pamflet op www.simmentaler.org of www.simbra.org: **4 WEKE VOOR**

1.7 Finale datum vir Afslaer vir pos van vendurol en sertifikate aan kantoor: **2 WEKE NA VEILING**

2. VRYWARING

2.1 Die Raad en personeel van die Simmentaler/Simbra Beestelersgenootskap word gevrywaar teen enige eise van kopers (soos per vendurol) of verkoper wat mag voortvloei uit verkope op hierdie veiling.

2.2 Die Simmentaler /Simbra Beestelersgenootskap word gevrywaar teen enige skade wat ons of enige derde party mag lei as gevolg van onveilige of defektiewe produkte wat deur hulle gelewer is.

3. VEREISTES VAN AANBOD

3.1 Verwys bladsy 4, 5, 6, 7 & 8 vir verpligte vereistes omtrent oor-tatoeëering, semen-, vrugbaarheid- en dragtigheidsertifisering, Trichomoniase en Vibriose en TB/BM.

3.2 Verwys bladsy 4, 5, 6, 7 & 8 vir Simmentaler en Simbra Veilings reëls.

3.3 Simmentaler en Simbra bulle sonder ’n geboortegewig teeltwaarde* mag aangebied word, maar kwalifiseer as nie onder die reëls van die Genootskap nie. * = Teeltwaardes ten tye van katalogus daarstelling.

3.4 ’n Oop vers van ’n bul-vers tweeling mag nie aangebied word nie.

3.5 Alle vaars van kalwers wat nog nie op rekord by Genootskap is nie, en bulle waarvan koeie dragtig is, asook semen, mag alleenlik op ‘n veiling aangebied word met ’n DNA sertifikaat/verslag en moet gekeur wees.

3.6 Die aanbod moet deur ’n Tegniese Adviseur of beoordelaar op voorkoms goedgekeur word. Diere wat voorheen vir registrasie-doeleindes goedgekeur is, kan vir die veiling afgekeur word. **NIE VAN TOEPASSING OP NASIONALE KAMPIOENSKAPPE SE VEILINGS NIE.**

3.7 **Hulpstamboek A (Simmentaler)** vroulike diere kan aangebied word, maar mag nie meer as 10% van die veilingsaanbod wees nie, mits hulle aan die volgende vereistes voldoen: (a) Ten minste twee kalwings na registrasie gehad het, en (b) binne twaalf maande na elke kalwing weer dragtig bevestig/gesertifiseer is; (c) **Hulpstamboek A vroulike diere** wat nie hieraan voldoen nie, kan nog

steeds verkoop word as deel van die 10% reël, sien ook klousules 3.2 en 3.3 hierbo, wat diere insluit wat nie aan die Simmentaler veilingsreëls voldoen nie.

3.8 **TOTALE UITVERKOPINGS - KONTAK KANTOOR.**

4. VERPLIGTINGE VAN VERKOPER

4.1 Aangehegte "VERKOPERS SERTIFISERING" (verw SERT), behoorlik onderteken, moet **TESAME** met ingeslote inskrywingsvorm ingedien word.

4.2 Die nuutste **geboortekennisgewings** moet saam met die aangehegte veilingsvorms voor datum soos volgens 1.1, voorsien word vir insluiting in die katalogus. Indien nie, sal die kalwings nie in berekening gebring word nie.

4.3 Verkoper en gasverkopers neem gesamentlik verantwoordelikheid vir alle veilingskostes.

4.4 Buitelandse verkope – Verkoper bly verantwoordelik vir diere wat aan buitelandse kopers verkoop word, totdat die nodige toetse gedoen en afgehandel is.

5. VALS AANBIEDING

Alle diere wat adverteer word en deur die Tegniese Adviseur goedgekeur word, moet aangebied word, inaggenome dat onttrekkings slegs deur middel van veeartssertifisering moontlik is. Sodanige sertifisering moet voor die veiling aan die kantoor of Tegniese Adviseur voorsien word.

6. VERPLIGTINGE VAN AFSLAER

6.1 Indien die veiling voldoen aan die Simmentaler/Simbra Veilingsreëls, moet die veilingspamflet **voor** publikasie vir goedkeuring aan die Genootskap voorgelê word. Indien veilingspamflet nie tesame met inskywings ontvang word nie, sal pamflet nie op die webblad geplaas kan word nie, omdat die inligting op die pamflet en katalogus mag verskil.

Geen pamflet sal goedgekeur word sonder die aanbod/veilingsinskrywings nie.

6.2 Die bewoording **"PRESTASIEREKORDS, STAMBOME, FOTO'S EN MEER BY** www.simmentaler.org of www.simbra.org**"** (kies die betrokke ras) moet groot en duidelik op die pamflet en advertensies verskyn.

6.3 Die reëls op die volgende bladsy (VERW KATAL) moet voor in die katalogus gepubliseer word.

6.4 Advertering as "Veiling onder Reëls van die Genootskap" met amptelike rasembleem mag alleenlik vir Simmentaler en Simbra veilings wat "Onder Reëls van die Genootskap" aangebied word, gebruik word.

6.5 **Foto's** van diere wat "nie onder reëls" aangebied word – 'n "**NIE ONDER REËLS"** nota moet duidelik op die foto of in die kommentaar aangebring word.

6.6 **Die Afslaer moet diere wat aangebied word se tatoeëering kontroleer, dit moet ooreenstem met dié van die sertifikate, en tydens die aanbring van die lotnommers moet die tattoeëering nagegaan word – daar moenie op die oorplaatjie staatgemaak word nie, omdat dit kan verskil van die tatoeëering**.

6.7 **Ontvangs van die veilingsreëls en die nakom daarvan**, moet asb skriftelik deur die afslaer, **voor die sperdatum vir voorsiening van meesterkatalogus**, bevestig word.

6.8 Die volgende moet binne **sewe werksdae na dié veiling** aan die Genootskap voorsien word: (i) veilingskatalogus; (ii) koperslys/vendurol met e-pos adresse van kopers (iii) sertifikate met dek besonderhede of deklys (iv) Bulle se vrugbaarheidsertifikate en (v) veilingsopsomming.

7. VEILINGSDIENSTE BESKIKBAAR AAN VERKOPER

Pryse sluit BTW in en is onderhewig aan verandering sonder voorafgaande kennisgewing. Die kantoor moet vroegtydig in kennis gestel word met watter Tegniese Adviseur en/of Geakkrediteerde Konsultant u ooreengekom het om u veiling te hanteer**. Bl 5, 8, 9 (ras soos van toepassing) en Bl 9 moet onderteken en aan kantoor gestuur word.**

Merk u keuse	Veilingsdienste – Onder Reëls	Koste BTW ingesluit
	Koste per lot [1] (Pamflet[2] op webblad en 2 sms'e[3] ingesluit)	R31-92
	Koste per wysiging na ontvangs van inskrywings	R250-00
	Tegniese Adviseur/s (TA) koste: Dagfooi Nagfooi Per km @ heersende AA tariewe	 R912-00 R570-00
	Veilingsdienste - Nie Onder Reëls nie	
	Koste per lot[1]	R31-92
	Slegs pamflet op die Webblad	R769-50
	Koste per wysiging na ontvangs van inskrywings	R250-00
	Tegniese Adviseur/s (TA) koste **– indien betrokke**: Dagfooi Nagfooi Per km @ heersende AA tariewe	 R912-00 R570-00
	Veillingsdienste - Ander	
	Koste per advertensie ("slide") op webblad voorblad	R400-00
	Koste per SMS – RSA	R0-57
	Koste per SMS – Internasionaal	R2-74
	Koste per MMS	R1-94
	Koste per e-pos	R0-80
	Koste per foto van veilingsdiere	Gratis

NOTAS

[1] = Saamstel van katalogus (3 of 4 generasie stambome) met **amptelike** data en skepping van reproduseerbare MS Word weergawe.

[2] = Plasing van katalogus***** en kleurpamflet op Genootskap se webblad.

[3] = Sms word uitgestuur op datum soos bepaal deur verkoper mbt datum en plek, andersins ± 5 dae voor veilingsdatum. 2de Sms na veiling met uitslae. Sms slegs aan lede. Koste tov enige verdere sms en/of ander promosie aksies nie hierby ingesluit nie – sien kostes hierbo by Veilingsdienste - Ander.

Verkoper: ..... Datum: .....

Indien ons nie binne 10 werksdae vanaf die datum bo-aan hierdie dokument van die betrokke Afslaer en/of verkoper skriftelik verneem nie, sal ons aanneem dat bovermelde aanvaar word. Bovermelde reëls is, binne perke, onderworpe aan verandering sonder voorafgaande kennisgewing en soos deur die Raad goedgekeur.

GOEDGEKEUR DEUR RAAD Feb 2013

Bladsy 4 moet asseblief voor in die katalogus gepubliseer word

SIMMENTALER VEILINGSREËLS

1. Die verkoper moet by ondertekening van hierdie veilingsreëls skriftelik bewys indien dat sy veilingsdiere binne 60 dae voor die veiling skoon getoets is vir TB en BM, of 'n CA3 sertifikaat /veeartssertifikaat indien wat spesifiseer dat al sy diere skoon getoets is binne die laaste twaalf maande. **Geen veilings sal aanvaar word sonder hierdie sertifikate nie.**
2. Diere ouer as 'n jaar (op veilingsdag) sal as 'n geregistreerde dier in die katalogus aangebied word en die registrasiesertifikaat sal oorgedra word na die koper op die verkoper se koste.
3. Diere onder 1 jaar***** is opgeneem as kalfboek en hul amptelike kalfboeksertifikaat sal aan die koper oorgedra word op die verkoper se koste. Lede van die Genootskap kan hierdie diere tussen 1 en 3 jarige ouderdom aanbied vir volle registrasie in die Kuddeboek.
4. Die verkoper het die volgende "Verkopers -sertifisering" onderteken en ingedien:
   4.1. dat die diere wat aangebied word getatoeëer en gekontroleer is, en dat dit ooreenstem met dié van die sertifikate. Indien die koper binne 30 dae na die veiling bewys kan lewer dat die dier nie getatoeëer is of verkeerdelik getatoeëer is, sal waarborg 6 van toepassing wees.
   4.2. dat alle bulle ouer as 365 dae*, nie langer as 30 dae voor die veiling (i) deur 'n veearts as vrugbaar gesertifiseer is OF (ii) die bulle se semen deur 'n geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as vrugbaar gesertifiseer is. **Motiliteit, morfologie en skrotum omvang moet geëvalueer word en op die voorgeskrewe evaluasieverslag sien bl 9 gespesifiseer word** en dit deur die verkoper gewaarborg word tot 7 kalender dae na die veilingsdatum. Vrugbaarheidssertifisering moet met navraag by die verkoper beskikbaar wees tot 1 jaar na die veilingsdatum. Indien die koper binne 7 dae na die veiling 'n veeartssertifikaat voorlê wat die teendeel bewys sal waarborg 6 van toepassing wees.
   4.3. enige waarborge aangaande die bevriesing van semen sal gemaak word deur 'n aparte ooreenkoms tussen die koper en verkoper.
   4.4. dat alle bulle skoon getoets is vir Trichomoniase en Vibriose.
   4.5. dat alle vaars van kalwers wat nog nie by Genootskap op rekord is nie, en bulle waarvan koeie dragtig is, asook semen, 'n DNA sertifikaat/verslag op rekord het dat die bulle gekeur is.
   4.6. dat die volgende diere, wat as dragtig aangebied word, **deur 'n veearts as dragtig gesertifiseer is** en sodanige sertifisering met navraag by die verkoper beskikbaar is tot 1 jaar na die veilingsdatum met dien verstande dat sodanige diere wat aangebied word, voldoen aan die Simmentaler veilingsreëls:
      (i) verse 31 maande en ouer* - sien ook item 7 (iv);
      (ii) koeie binne 12 maande (365 dae)* na laaste kalwing op rekord; en
      (iii) alle ander vroulike diere wat in die veilingskatalogus of enige bylaes daarvan as dragtig geadverteer is.
      (iv) Eiselskenkers - Simdeks vereistes word nie toegepas nie. Moet dragtig wees binne 12 maande sedert laaste spoeldatum of eie kalf se geboortedatum.
      (v) Ontvanger diere - Simdeks vereistes word toegepas. Moet dragtig wees binne 12 maande sedert laaste embriokalf of eie kalf se geboortedatum.
   4.7. Indien hierdie dragtig gesertifiseerde diere binne 48 uur na die veiling as nie-dragtig deur 'n veearts gesertifiseer word, sal waarborg 6 van toepassing wees.
5. As 'n vroulike dier as "oop" of "nie-dragtig" verkoop word en binne 30 dae na die veiling as dragtig deur 'n veearts gesertifiseer word, sal waarborg 6 van toepassing wees.
6. Indien die nodige bewyse binne die betrokke periode skriftelik aan die verkoper voorsien word, sal die verkoper, met die keuse van die koper, enige dier soos hierbo onder 4.1, 4.2, 4.4, 4.5 en 5 beskryf, vervang met ander diere van gelyke waarde of die aankoopprys terugbetaal.
7. Diere wat aangebied word moet aan die volgende vereistes voldoen:
   7.1. verwys 2 en 3;
   7.2. minimum Simdeks reproduksie indeks by laaste kalwing van 80 (koeie met 1 kalf) of 85(koeie met twee en meer kalwers)
   7.3. Simmentaler bulle moet 'n geboortegewig teeltwaarde hê, ten tye van saamstel van katalogus;
   7.4. Simmentaler bulle se ouderdom in katalogus moet 22 maande en ouer wees;
   7.5. maksimum voorspelde ouderdom van verse met 1ste kalwing nie hoër as 39 maande (1185 dae*) nie;
   7.6. **Hulpstamboek A** vroulike diere kan aangebied word, mits hulle aan die volgende vereistes voldoen:
      (i) Ten minste twee kalwings na registrasie gehad het, en
      (ii) binne twaalf maande na elke kalwing weer dragtig bevestig/gesertifiseer is;
      (iii) **Hulpstamboek A vroulike diere** wat nie hieraan voldoen nie, kan nog steeds verkoop word as deel van die 10% reël wat diere insluit wat nie aan die Simmentaler veilingsreëls voldoen nie.

***** = ouderdom dag van veiling.

DIE RAAD EN PERSONEEL VAN DIE SIMMENTALER/SIMBRA BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SUIDELIKE AFRIKA WORD GEVRYWAAR TEEN ENIGE EISE VAN KOPERS WAT MAG VOORTVLOEI UIT VERKOPE OP HIERDIE VEILING. DIE SIMMENTALER/SIMBRA BEESTELERSGENOOTSKAP WORD GEVRYWAAR TEEN ENIGE SKADE WAT ONS OF ENIGE DERDE PARTY MAG LEI AS GEVOLG VAN ONVEILIGE OF DEFEKTIEWE PRODUKTE WAT DEUR HULLE GELEWER IS.

GOEDGEKEUR DEUR RAAD FEB 2013

SIMMENTALER VERKOPERSERTIFISERING

MOET TESAME met ingeslote INSKRYWINGSVORM ingedien word

Hiermee sertifiseer ek (volle name/van) .....

1. **dat ek ten volle vertroud is met die inhoud van die veilingsreëls en regulasies, hierdie verkoperssertifisering asook vrywaring en onderneem ek om dit na te kom.**
2. dat die diere wat deur my aangebied word getatoeëer en gekontroleer is, en dat dit ooreenstem met dié van die sertifikate. Indien die koper binne 30 dae na die veiling bewys kan lewer dat 'n dier nie getatoeëer is of verkeerdelik getatoeëer is, sal waarborg 9 van toepassing wees.
3. dat alle bulle ouer as 365 dae*, nie langer as 30 dae voor die veiling (i) deur 'n veearts as vrugbaar gesertifiseer is OF (ii) die bulle se semen deur 'n geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as vrugbaar gesertifiseer is. **Motiliteit, morfologie en skrotum omvang geëvalueer is en op die voorgeskrewe evaluasieverslag, sien bl 10, gespesifiseer is** en dit deur die verkoper gewaarborg word tot 7 kalender dae na die veilingsdatum. Vrugbaarheids-sertifisering moet met navraag by die verkoper beskikbaar wees tot 1 jaar na die veilingsdatum. Indien die koper binne 7 dae na die veiling 'n veeartssertifikaat voorlê wat die teendeel bewys sal waarborg 9 van toepassing wees.
4. dat enige waarborge aangaande die tap en vries van semen, 'n aparte ooreenkoms sal wees tussen my en die koper
5. dat alle bulle skoon getoets is vir Trichomoniase en Vibriose.
6. dat alle vaars van kalwers wat nog nie by Genootskap op rekord is nie, en bulle waarvan koeie dragtig is, asook semen, 'n DNA sertifikaat/verslag op rekord het en ook gekeur is.
7. dat die volgende diere <u>deur 'n veearts as dragtig gesertifiseer is</u> en sodanige sertifisering voor die veiling per e-pos of faks aan die Genootskap voorsien word en met navraag by my beskikbaar is tot 1 jaar na die veilingsdatum, met dien verstande dat sodanige diere wat aangebied word, voldoen aan die Simmentaler veilingsreëls;

7.1 verse 31 maande en ouer*;

7.2 koeie binne 12 maande (365 dae*) na elke kalwing op rekord; en

7.3 alle ander vroulike diere wat in die veilingskatalogus of enige bylaes daarvan as dragtig geadverteer is.

7.4 (i) Eiselskenkers - Simdeks vereistes word nie toegepas nie, maar is dragtig binne 12 maande sedert laaste spoeldatum of eie kalf se geboortedatum;
(ii) Ontvanger Diere - Simdeks vereistes word toegepas en is dragtig binne 12 maande sedert laaste embriokalf of eie kalf se geboortedatum.

7.5 **Hulpstamboek A** vroulike diere wat aangebied word, aan die volgende vereistes voldoen: (a) ten minste twee kalwings na registrasie gehad het, en (b) binne twaalf maande na elke kalwing weer dragtig bevestig/gesertifiseer is; (c) **Hulpstamboek A vroulike diere** wat nie hieraan voldoen nie, as deel van die 10% reël wat diere insluit wat nie aan die Simmentaler veilingsreëls voldoen nie, verkoop word.

7.6 dat indien hierdie dragtig gesertifiseerde diere binne 48 uur na die veiling as nie-dragtig deur die koper se veearts gesertifiseer word, waarborg 9 van toepassing sal wees.

8. dat by ondertekening van hierdie veilings reëls 'n skriftelike bewys deur my ingedien word dat my veilingsdiere binne 60 dae voor die veiling skoon getoets is vir TB en BM, of 'n CA3 sertifikaat /veeartssertifikaat wat spesifiseer dat al my diere skoon getoets is binne die laaste twaalf maande en dat **<u>geen veilings aanvaar sal word sonder hierdie sertifikate nie.</u>**
9. dat ek as verkoper, met die keuse van die koper, enige dier wat nie aan die vereistes van 2, 3, 5, 6 en 7 hierbo voldoen nie, sal vervang met 'n ander van gelyke waarde of die aankoopprys terugbetaal op voorwaarde dat die koper my binne die toepaslike periode (verw. bl 4 & 5) skriftelik verwittig.

***** = ouderdom dag van veiling.

Geteken te …….…… op hierdie …….. dag van 2018

VERKOPER: .....

Voorsien hierdie 6 weke voor veiling aan Sim-Kantoor tesame met:
[1] Inskrywingsvorm [2] Alle uitstaande geboortekennisgewings

GOEDGEKEUR DEUR RAAD Feb 2013

Bladsy 6 moet asseblief voor in die katalogus gepubliseer word

SIMBRA VEILINGSREËLS

1. Die verkoper moet by ondertekening van hierdie veilings reëls skriftelik bewys indien dat sy veilingsdiere binne 60 dae voor die veiling skoon getoets is vir TB en BM, of 'n CA3 sertifikaat /veeartssertifikaat indien wat spesifiseer dat al sy diere skoon getoets is binne die laaste twaalf maande. **Geen veilings sal aanvaar word sonder hierdie sertifikate nie.**
2. Diere ouer as 'n jaar (op veilingsdag) sal as 'n geregistreerde dier in die katalogus aangebied word en die registrasiesertifikaat sal oorgedra word na die koper op die verkoper se koste.
3. Diere onder 1 jaar***** is opgeneem as kalfboek en hul amptelike kalfboeksertifikaat sal aan die koper oorgedra word op die verkoper se koste. Lede van die Genootskap kan hierdie diere tussen 1 en 3 jarige ouderdom aanbied vir volle registrasie in die Kuddeboek.
4. Die verkoper het die volgende ''Verkopers -sertifisering'' onderteken en ingedien :
   - 4.1. dat die diere wat aangebied word getatoeëer en gekontroleer is, en dat dit ooreenstem met dié van die sertifikate. Indien die koper binne 30 dae na die veiling bewys kan lewer dat die dier nie getatoeëer is of verkeerdelik getatoeëer is, sal waarborg 6 van toepassing wees.
   - 4.2. dat alle bulle ouer as 365 dae*, nie langer as 30 dae voor die veiling (i) deur 'n veearts as vrugbaar gesertifiseer is OF (ii) die bulle se semen deur 'n geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as vrugbaar gesertifiseer is, **motiliteit, morfologie en skrotum omvang moet geëvalueer word en op die verslag gespesifiseer word** en dit deur die verkoper gewaarborg word tot 7 kalender dae na die veilingsdatum. **(SLEGS VOORGESKREWE VEEARTSENY DOKUMENT – BL 10 WORD AANVAAR)** Vrugbaarheidssertifisering moet met navraag by die verkoper beskikbaar wees tot 1 jaar na die veilingsdatum. Indien die koper binne 7 dae na die veiling 'n veeartssertifikaat voorlê wat die teendeel bewys sal waarborg 6 van toepassing wees.
   - 4.3. enige waarborge aangaande die bevriesing van semen sal gemaak word deur 'n aparte ooreenkoms tussen die koper en verkoper.
   - 4.4. dat alle bulle skoon getoets is vir Trichomoniase en Vibriose.
   - 4.5. dat alle vaars van kalwers wat nog nie by Genootskap op rekord is nie, en bulle waarvan koeie dragtig is, asook semen, 'n DNA sertifikaat/verslag op rekord het en dat die bulle gekeur is.
   - 4.6. dat diere wat as dragtig aangebied word, **deur 'n veearts as dragtig gesertifiseer is** en sodanige sertifisering met navraag by die verkoper beskikbaar is tot 1 jaar na die veilingsdatum.
   - 4.7. Diere wat in een van hierdie 3 dele van die Katalogus verskyn, moet aan die volgende reëls voldoen:
     - 4.7.1. **Eerste deel van Katalogus is GEREGISTREERDE SIMBRAS.**
       - (1) Oop verse mag slegs aangebied word tot op ouderdom 30 maande.
       - (2) 'n Dragtige vers wat aangebied word, moet voor of op 39 maande kalf.
       - (3) 'n Koei sonder kalf aan voet moet dragtig gesertifiseer wees, en die verwagte kalfdatum mag nie later as 18 maande na haar laaste kalfdatum wees nie, **en** so 'n koei mag nie vir langer as 18 maande "oop" gewees het tussen kalwings nie.
       - (4) Cum diere moet ten minste twee of meer kalwings na registrasie gehad het, en indien sonder kalf aan voet moet dragtig gesertifiseer wees, en die verwagte kalfdatum mag nie later as 18 maande na haar laaste kalfdatum wees nie, en so 'n koei mag nie vir langer as 18 maande "oop" gewees het tussen kalwings nie.
       - (5) Eiselskenkers - Moet dragtig wees binne 18 maande sedert laaste spoeldatum.
       - (6) Simbra bulle moet 'n geboortegewig teeltwaarde hê, ten tye van saamstel van katalogus.
       - (7) Simbra bulle sonder DNA en Vaderskapbevestiging op rekord sal nie in die katalogus publiseer word nie.
       - (8) Simbra bulle se ouderdom in katalogus moet 22 maande en ouer wees;
       - (9) 'n Minimum van 90% van die aanbod onder die afdeling moet in terme van bostaande reëls kwalifiseer.
     - 4.7.2. **Tweede deel van Katalogus is CUM SIMBRA VERSE:**
       - (1) Teler/verkoper moet die geboortedatum van die dier bevestig het.
       - (2) Oop CUM verse mag slegs aangebied word tot op ouderdom 30 maande.
       - (3) 'n Dragtige CUM vers wat aangebied word, moet voor of op 39 maande kalf.
     - 4.7.3. **Derde deel van katalogus bestaan uit SIMBRA TIPE:**
       - (1) Simbra Tipe diere wat nie voldoen aan bostaande twee afdelings nie, kan hier verkoop word.
       - (2) Diere wat onder hierdie afdeling verkoop word, moet duidelik gemerk en getatoeëer word met die verkoper se kuddeletters, jaar van geboorte en unieke volgnommer.
   - 4.8. Indien hierdie dragtig gesertifiseerde diere binne 48 uur na die veiling as nie-dragtig deur 'n veearts gesertifiseer word, sal waarborg 6 van toepassing wees.
5. As 'n vroulike dier as "oop" of "nie-dragtig" verkoop word en binne 30 dae na die veiling as dragtig deur 'n veearts gesertifiseer word, sal waarborg 6 van toepassing wees.
6. Indien die nodige bewyse binne die betrokke periode skriftelik aan die verkoper voorsien word, sal die verkoper, met die keuse van die koper, enige dier soos hierbo onder 4.1, 4.2, 4.4, 4.5 en 5 beskryf, vervang met ander diere van gelyke waarde of die aankoopprys terugbetaal.

***** = ouderdom dag van veiling.

DIE RAAD EN PERSONEEL VAN DIE SIMMENTALER/SIMBRA BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SUIDELIKE AFRIKA WORD GEVRYWAAR TEEN ENIGE EISE VAN KOPERS WAT MAG VOORTVLOEI UIT VERKOPE OP HIERDIE VEILING. DIE SIMMENTALER/SIMBRA BEESTELERSGENOOTSKAP WORD GEVRYWAAR TEEN ENIGE SKADE WAT ONS OF ENIGE DERDE PARTY MAG LEI AS GEVOLG VAN ONVEILIGE OF DEFEKTIEWE PRODUKTE WAT DEUR HULLE GELEWER IS.

SIMBRA VERKOPERSERTIFISERING

MOET TESAME met ingeslote INSKRYWINGSVORM ingedien word

Hiermee sertifiseer ek (volle name/van) ……

1. **dat ek ten volle vertroud is met die inhoud van die veilingsreëls en regulasies, hierdie verkoperssertifisering asook vrywaring en onderneem ek om dit na te kom.**
2. Dat ek die tatoeëering van elke dier wat aangebied word, gekontroleer het, en dat dit ooreenstem met dié op die sertifikaat. Indien die koper binne 30 dae na die veiling bewys kan lewer dat ‘n dier nie getatoeëer is of verkeerdelik getatoeëer is, sal waarborg 9 van toepassing wees.
3. dat alle bulle ouer as 365 dae*, nie langer as 30 dae voor die veiling (i) deur ’n veearts as vrugbaar gesertifiseer is OF (ii) die bulle se semen deur ‘n geregistreerde veeartsenykundige tegnoloog as vrugbaar gesertifiseer is (iii) **motiliteit, morfologie en skrotum omvang moet geëvalueer word en op die voorgeskrewe evaluasieverslag, sien bl 10, gespesifiseer word**, en dit deur die verkoper gewaarborg word tot 7 kalender dae na die veilingsdatum. Vrugbaarheids-sertifisering moet met navraag by die verkoper beskikbaar wees tot 1 jaar na die veilingsdatum. Indien die koper binne 7 dae na die veiling ‘n veeartssertifikaat voorlê wat die teendeel bewys sal waarborg 9 van toepassing wees.
4. dat enige waarborge aangaande die tap en vries van semen, ’n aparte ooreenkoms sal wees tussen my en die koper;
5. dat alle bulle skoon getoets is vir Trichomoniase en Vibriose.
6. dat alle vaars van kalwers wat nog nie by Genootskap op rekord is nie, en bulle waarvan koeie dragtig is, asook semen, ’n DNA sertifikaat/verslag op rekord het en ook gekeur is.
7. dat diere wat as dragtig aangebied word, deur ‘n veearts as dragtig gesertifiseer is en sodanige sertifisering met navraag by my beskikbaar is tot 1 jaar na die veilingsdatum, met dien verstande dat sodanige diere wat aangebied word, voldoen aan die Simbra veilingsreëls.

7.1 dat slegs oop verse aangebied word tot op ouderdom 30 maande*;

7.2 dat ’n dragtige vers wat aangebied word, voor of op 39 maande sal kalf;

7.3 dat ‘n koei sonder kalf aan voet dragtig gesertifiseer is, en die verwagte kalfdatum nie later as 18 maande na haar laaste kalfdatum sal wees nie, **en** so ’n koei nie langer as 18 maande “oop” gewees het tussen kalwings nie, en dat koeie wat se 1ste kalwing na 36 maande was, daarna jaarliks gekalf het.

7.4 dat alle ander vroulike diere wat in die veilingskatalogus of enige bylaes daarvan as dragtig geadverteer is.

7.5 dat eiselskenkers dragtig is binne 18 maande sedert laaste spoeldatum.

7.6 dat **CUM** vroulike diere wat aangebied word, aan die volgende vereistes voldoen:

(a) ten minste twee of meer kalwings na registrasie gehad het, en indien sonder kalf aan voet dragtig gesertifiseer is, en die verwagte kalfdatum nie later as 18 maande na haar laaste kalf- datum is nie, en so ’n koei nie vir langer as 18 maande “oop” gewees het tussen kalwings nie.

(b) Cum oop verse slegs aangebied word tot op ouderdom 30 maande;

(c) ‘n dragtige Cum vers wat aangebied word, sal kalf voor of op 39 maande.

7.7 dat indien hierdie dragtig gesertifiseerde diere binne 48 uur na die veiling as nie-dragtig deur die koper se veearts gesertifiseer word, waarborg 9 van toepassing sal wees.

8. dat by ondertekening van hierdie veilings reëls ‘n skriftelike bewys deur my ingedien word dat my veilingsdiere binne 60 dae voor die veiling skoon getoets is vir TB en BM, of ’n CA3 sertifikaat /veeartssertifikaat wat spesifiseer dat al my diere skoon getoets is binne die laaste twaalf maande en dat **geen veilings aanvaar sal word sonder hierdie sertifikate nie.**
9. dat ek as verkoper, met die keuse van die koper, enige dier wat nie aan die vereistes van 2, 3, 5, 6 en 7 hierbo voldoen nie, sal vervang met ’n ander van gelyke waarde of die aankoopprys terugbetaal op voorwaarde dat die koper my binne die toepaslike periode (verw. bl 6 & 8) skriftelik verwittig.

Geteken te ……..…… op hierdie …….. dag van 2018

VERKOPER: .....

Voorsien hierdie 6 weke voor veiling aan Sim-Kantoor tesame met: [1] Inskrywingsvorm [2] Alle uitstaande geboortekennisgewings

GOEDGEKEUR DEUR RAAD Feb 2013

Consumer Protection Act – Simmentaler/Simbra Cattle Breeders' Society Indemnity clause

Indemnity

"As supplier of the goods/services, you, the Advertiser warrant that you are familiar with and will comply with the provision of the Consumer Protection Act, Act 68 of 2008 ('CPA') in all transactions between us. Among other, the CPA provides for some consumer rights regarding delivery, returns, disclosure or information and product quality and safety. You accordingly indemnify the Simmentaler/Simbra Cattle Breeders' Society against any damages that we or any other party may suffer as a result of your non-compliance with the CPA or as a result of any damages suffered by any party due to defective or unsafe goods/services supplied by you."

NAME: _____ MEMBER NUMBER: _____

(print please)

DATE: _____ SIGNATURE: _____

Vrywaring

"As verskaffer van die produkte/dienste waarborg die Adverteerder dat hulle vertroud is met die bepalings van die Wet op Verbruikersbeskerming, Wet 68 van 2008 ('die Wet') en dat hulle in alle transaksies met ons aan die Wet se vereistes sal voldoen. Die Wet maak voorsiening vir verskeie verbruikersregte wat insluit regte met betrekking tot lewering, teruggawe, openbaarmaking van inligting, kwaliteit en veiligheid van produkte. Gevolglik vrywaar die Adverteerder vir die Simmentaler/Simbra Beestelersgenootskap teen enige skade wat ons of enige derde party mag lei as gevolg van onveilige of defektiewe produkte wat deur hulle gelewer is."

NAAM: _____ LID NOMMER: _____

(drukskrif)

DATUM: _____ HANDTEKENING: _____

VEEARTS BESONDERHEDE: ……..

……..

VERWYSING: ……

EVALUASIEVERSLAG VIR DIE BUL - ID NR VAN BUL: .....

Datum van evaluasie: ..... **Ras:** .....

Skrotumomvang (cm): ..... **Kolleksiemetode:** .....

MAKROSKOPIES

Volume (ml): Konsistensie:
Kleur:

MOTILITEIT

Massa beweging:
Individuele beweging:

MORFOLOGIESE EVALUASIE

Ernstige defekte (% en dominante defek):
Mindere defekte (% en dominante defek):
Persentasie normaliteit:
Vreemde materiaal:

ANATOMIESE EVALUASIE

Testis: Prostaat:
Epididimus: Saadbuise:
Penis: Sem. Vesikels:
Skede:

GESLAGSIEKTES	
Trichomoniase: Campylobacter (Vibriose):	

FINALE AANBEVELING TOV SEMEN KWALITEIT EN VRUGBAARHEID:

.....

.....

VEEARTS / TEGNOLOOG: ..... **DATUM:** .....